# Belastingbetalers: Sluit aan by vereniging!

Mnre Johan Schoeman - interim-voorsitter van die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging (links) en mnr Johan de Klerk - interim-sekretaris van die Belastingbetalersvereniging. Die volgende openbare vergadering van die Belastingbetalersvereniging vind op Donderdag, 25 Maart om 18:00 op die rugbyveld van die Laerskool Proteapark in Soetdoringlaan plaas.

**RUSTENBURG - Rustenburg Herout word maande lank reeds oorval deur Rustenburgers en tradisionele "belastingbetalers" wat erg omgekrap is weens 'n gebrek aan dienste en etlike ander sake wat pla - meestal rondom munisipale oorsprong.**

Sedert die herlewing van Rustenburg se Belastingbetalersvereniging vroeg in Januarie, is daar 'n groot oplewing in belangstelling gesien - veral onder mense wat klagtes het. "Maar dit is ongelukkig nie heeltemal so eenvoudig nie", het mnr Johan de Klerk, interim-sekretaris van dié vereniging gesê.

"Mense sal moet besef dat die Belastingbetalersvereniging 'n organisasie is wat hom beywer vir die belange van sy opbetaalde lede - net soos enige sportklub of soortgelyke organisasie. Ontevrede inwoners van die stad word aangemoedig om onverwyld by die Belastingbetalersvereniging aan te sluit - andersins sal ons nie kan help om u probleme op te los of minstens dan die aandag van die betrokke owerhede daarop te fokus nie", het mnr De Klerk gesê. Lede van die publiek kan teen minimale fooie lid van die Belastingbetalersvereniging word. Fooie betaalbaar is 'n eenmalige aansluitingsfooi van R30 asook 'n jaarlikse lidmaatskapsfooi van R30.

Vir Rustenburgers wat nog nie by die Belastingbetalersvereniging aangesluit het nie, is daar op Donderdag, 25 Maart, weer geleentheid wanneer die tweede openbare vergadering van die jaar by die rugbyvelde van die Laerskool Proteapark (Soetdoringlaan) om 18:00 plaasvind. Die publiek word versoek om by hierdie geleentheid teenwoordig te wees en hul sitplekke nie later nie as 18:00 op die pawiljoen in te neem. Daar sal meer as genoeg geleentheid wees om die stemme behoorlik dik te maak.

Twee webtuistes, onderskeidelik Afrikaans en Engels, is onlangs deur mnr De Klerk - 'n plaaslike rekenaarsagteware-spesialis - vir gebruik deur die Belastingbetalersvereniging ontwerp en geregistreer. Die webtusites is onderskeidelik www.rbbv.co.za en www.rrpa.co.za(.). Vir meer besonderhede rondom registrasie en/of aansluiting en die voordele wat lidmaatskap van die Belastingbetalersvereniging vir lede van die publiek inhou, kan daar met enige van die volgende interim-bestuurslede geskakel word:

Johan Schoeman (voorsitter) 082-455-7539;

Pieter Malan (ondervoorsitter) 082-801-5038;

Connie Prinsloo (tesourier) 072-176-4841;

Johan de Klerk (sekretaris) 082-891-3192; Kontak enige van dié mense sommer vandag nog met u navrae - maak seker dat u 'n aantekening maak van die belangrike vergadering by die Laerskool Proteapark op Donderdag, 25 Maart en sorg dat u minstens R60 in u beursie het. 'n Ekstra gelde is aan te bevole, aangesien heerlike worsbroodjies te koop aangebied sal word.



Doortjie Potgieter.

# Geliefde juffrou oorlede

**RUSTENBURG - Doortjie Potgieter is op Dinsdag 2 Maart oorlede na komplikasies tydens 'n mantelvliesbreuk-operasie.**

Sy was geliefd as onderwyseres by Wysneusie Kleuterskool en in die laaste twee jaar as eienares van 'n seepwinkel op Koster.

Die roudiens het op Vrydag 5 Maart uit die Hervormde Kerk Koster plaasgevind. 'n Spesiale woord van dank word gerig aan almal wat haar man, Gert en die kinders, Derick (5) en Dewald (3) in die afgelope week ondersteun en bygestaan het.

'n Versoek word gerig aan almal wat soortgelyke ondervindings gehad het om haar voogpa, Peet van der Walt by 083 653 1948 te skakel.

Die vraag waarmee die familie worstel is: "Hoeveel keer nog?", het mnr van der Walt gesê.


DEBT GETTING YOU UNDER?
RTB, NORTHAM & THABAZIMBI!
Time is running out and you are 2 payments behind on your debt. Creditors keep calling you? Every time you put on the radio there is a couple telling how they got debt free overnight - **COME ON** - Usually when something sounds too good to be true, it is!! You need **REAL HELP** and I can assist you! Don't consider bankrupsy, that shouldn't even be an option. You can be out of debt quicker than you think!! Call Chantell Combrink @ 014-594 1694 or chantellc@telkomsa.net for a **FREE** consultation!!

RIDDERPARK VLEISMARK
POSBUS 3209, RUSTENBURG 0300
TEL.: 014 596 5911/3, FAX: 014 596 6089
HEEL VARK R21.90 p/kg
PORK EISBEINS R19.99 p/kg
MUTTON CHOPS/STEW FROZEN R36.99 p/kg
HEEL OF HALWE SKAPE R36.99 p/kg
Pryse sluit BTW in.
Terwyl voorraad hou.
Pryse geldig 11/03/2010 - 14/03/2010

NUWE INTREKKERS
HARTLIK WELKOM
A.G.S. RUSTENBURG
DIENSTYE:
Sondagoggend: 09:00vm asook Sondagskool
Biduur Dinsdae: 19:00
Sondagaanddiens soos gewoonlik 6:30nm
PLEK:
H/v Ridder- & Joubertstraat
LERAAR:
Pastoor P. Peens 082 454 0120
Pastoor R. Botha 082 784 3288
☎ 014 596 5890

Permanent Laser Hair Removal
Specials
Until 30 April 2010

| | Was | Now |
|---|---|---|
| Bikini & Under-Arm | R1450 | R800 |
| Bikini (Standard) | R 990 | R495 |
| Under Arm | R 600 | R450 |

Permanent Removal of WHITE & GREY HAIR in a Bottle = NEW ELIXA
Fraxel Laser Treatment
Treats Wrinkles, Acne Scars, Pigmentation, Operation & Keloid Scaring

014 592 9204
Refinement Clinic 57A Brink Street Rustenburg

Rustenburg Herald
continues to be the country's best-selling community newspaper.
Grow with us and explore new horizons!

BATTERY SPECIAL
PRO-TECH BATTERIES RUSTENBURG
Kredietkaart Fasiliteite Beskikbaar
BESTE PRYSE OP ALLE BATTERYE!!!!

| GROOTTE | WAS | NOU |
|---|---|---|
| 622 | R 650 | R 585 |
| 657 | R1 045 | R 615 |
| 674 | R1 285 | R 775 |
| 680 | R1 235 | R1 095 |
| 689 | R1 945 | R1 300 |

| GHOLFKAR BATTERYE | | |
|---|---|---|
| GROOTTE | WAS | NOU |
| 6V | R1 900 | R1 640 |
| 8V | R1 950 | R1 660 |
| 12V | R2 500 | R2 389 |

OOK BESKIKBAAR:
Deep Cycle batterye, motorfietsbatterye, boot-en karavaanbatterye, jetski batterye.
*Terwyl voorraad hou - Gee ou battery in vir bg. prys!!*
Adres: Thabo Mbeki nr. 96 (Langs Goldwagen & Adendorff - net voor brug / ou Smitstraat). Tel: 014 592 4906; Sel Schalk 072 341 4621
BAIE PARKEERPLEK!!!!

LOSING HAIR???
No problem anymore
COME FOR LASER TREATMENT
Tel. 014 537 3998/ 014 537 3987
BEFORE

AFTER